HANS HAAS

sê

HALLO

2023

- Kinderteater -

deur

Alexander Steyn

Kontakbesonderhede vir kopiereg/opvoerregte:

Alexander Steyn (xandersteyn@gmail.com)

	Hans Haas sê Hallo
	Kantoor setup op stage. Hans kom in
	9 - 5 - Dolly Parton
Hans	Hallo, maatjies! Welkom in my kantoor hier in die stadsaal op Haaslaagte! Vandag is ’n baie spesiale dag, maatjies! Weet julle hoekom? Want vandag is ‘Bring-jou-kind-werk-toe-dag’! Ek het nou nie kinders nie…dis hoekom ek julle mammas en pappas gevra het om julle te bring vandag! So vandag kuier julle almal saam met my hier in my kantoor want ek is die Burgemeester, Skoolhoof, Brandweer, Polisie, Buurtwag, Sielkundige en Dokter hier op Haaslaagte! En dis amper tyd vir die dag om te begin en telefone wat gaan lui, lui, lui! Ek voel effe lui lui lui vandag…ai
	Ons hoor ’n telefoon lui & dan musiek - Hans beweeg van foon na foon - Lipsync song snippets
	Foon 1
	’n Foon lui ***Lui 1***
Hans	(trek Doker baadjie aan) Hello, Goeiedag, Dumelang, Lotjhani, Molo, Sawubona, Avuxeni! **Dokter** Hans hier, hoe kan ek help? … tannie Mimi Miskruier, hoe gaan dit met die loopmagie? …Ag, shamepies loop hy nog- geen probleem tannie, ek sal die voorskrif sommer vir tannie per epos stuur. Tannie se epos is mos misopjougesig@treemail.GAT Goed tannie, baie sterkte en sê vir daai magie om op te hou loop anders eindig tannie dalk in Brakpan op! Tata!
	Nog ’n foon lui
Hans	(Sit Polisie hoed op)Hello, Goeiedag, Dumelang, Lotjhani, Molo, Sawubona, Avuxeni! **Kaptein** Hans van die polisie hier, hoe kan ek help? Hallo tannie Olifant….wat meen tannie nou? ….’n Horing? ……Wag gou laat ek net als saamvat…Tannie het genies en toe nies tannie per ongeluk in Ronnie renoster se gesig en nou wil hy tannie steek met sy horing? Goed tannie, ek stuur vir Kolonel Krokkedil deur om tannie te help. Sê vir Ronnie ek sit drie chinese jagters op sy spoor as hy durf tannie beetkry met sy horing! Slaan hom met ’n slurpie!
	Nog ’n foon lui
Hans	(Sit ’n das aan) Hello, Goeiedag, Dumelang, Lotjhani, Molo, Sawubona, Avuxeni! **Skoolhoof,** Hans hier….Attie Akkedis! Lekker om van jou te hoor jou koudbloedige blik! ….Wat? Het Spanner Spinnekop jou kind se mond toegeweb? Hoekom?….mmm hmm mmm…goed Attie, ek sal met Mnr. Spanner geselsies en agter die kap van die byl kom. Nee niemand bring ’n byl naby jou stert nie, raak vir my rustig Attie…ek weet jou stert groei weer, maar dit was’n idioom. Nee, ek sê nie jy’s ’n idioot nie! IDIOOM! Attie? Attie? Hy’t neergesit…oopsie daisy nou voel ek sleg…Maatjies, ek het ’n plan! as ek sleg voel help dit altyd om ’n liedjie te sing! Ja! Julle ken mos vir Hasie Hoekom is jou stert so kort? Kom ons sing saam…1,2,3!
	Hasie Hoekom
	Grietjie kom in
	Let’s get Physical
Grietjie	Ek’s hier! Laat die vetrolle sweet, pappa!
Hans	Tannie Grietjie! Wat doen tannie hier?
Grietjie	Mnr. Hans! Is jy ook hier vir die ‘Skud-Jou-Sweet-Weg’ met Soekie Slang?
Hans	Oe, nee tannie, dit was gister gewees.
Grietjie	Gevrees? Ja ek is nogals bang vir ’n slang.
Hans	Nee tannie…gister, nie vandag nie.
Grietjie	Ek kan nie meer wag nie!
Hans	(Praat stadig en hard) Nee, tannie. Die ‘Skud-Jou-Sweet-Weg’ met Soekie Slang was gister hier in die stadsaal gewees, vandag is die kinders en hulle mammas en pappas hier vir die ‘bring-jou-kind-werk-toe-dag’
Grietjie	Nou wie wil hulle kinders werk toe vat? Dom idee as jy my vra!
Hans	Tannie!
Grietjie	Jammer tog! So baie kinders…genade! Hulle teel erger aan as hase!
Hans	Wel, aangesien tannie hier is kan tannie my help met die telefone!
Grietjie	Wie trap op wie se tone?
Hans	Fone, tannie. (Hy praat lekker ekstra hard) So as die foon lui moet tannie net kyk watter foon lui en dan gepas antwoord
Grietjie	Ai, toggie. Hierdie laat my terugdink aan my jongdae toe ek nog vir die sentrale gewerk het. Ek’t lekker almal se gesprekke afgeluister, maar toe kom ek in die moeilikheid toe ek vir Ds. Seekoei deurgesit het na sy vrou en nie sy skelmpie nie. Oe, skandaal in die Transvaal!
Hans	Tannie, fokus! Hier is ’n kaartjie by elke foon oor hoe om die foon te antwoord. So, dis maklik! Ek moet gou gaan kyk of Ronnie Renoster sy horing in toom gehou het! Ek’s nou nou weer terug tannie! Baai! Baai maatjies!

Copyright @ aleXander Steyn

	Hans Haas sê Hallo
Grietjie	Horing? O, hemetjie tog…so baie **fone**… (sy beweeg agteruit na gehoor) en daar trap ek amper op iemand se **tone**! Skies jongie. Tannie kan nie meer so lekker sien of hoor nie, waar's my bril, laat ek hom tog net op sit.
	n Foon lui en sy skrik eers en dan antwoord sy
Grietjie	O, gatta patatta! (sy antwoord) Die Sentrale goeiedag…o nee dis nie reg nie…
	Hello - Adele
Grietjie	(Mime) *Hello, it's me. I was wondering if after all these years you'd like to meet…*(praat) Nee wag…(tel kaartjie op) Goeiedag, Dumelang, Lotjhani, Molo, Sawubona, Avuxeni! Sielkundige [sê jou naam hier], hoe kan ek help? …Elsa Eend! wat 'n verassing! Hoe gaan dit met jou bunions? …Just let it go, Elsa…..your bunions never bothered you anyway…ja, nee ek weet, vriendin…ek sit self met 'n knop of twee op my pote…so hoe help ek? …Jou dogter voel soos 'n lelike seuntjie?…O, eendjie… en die hane spot haar? O, die swane spot haar. Ai toggie, dis nou vir jou 'n ding! Sê vir daai swane boelies, tannie Grietjie gans sal hulle vere kom uitpluk as hulle nie ophou nie! En sê vir jou dogtertjie ek sê sy's die mooiste eendjie in die hele dam! (sy sit die foon neer) Shame, die kind lyk effe soos 'n Claerhout-skildery, ai shamepies tog.
	Nog 'n foon lui
Grietjie	(Sy tel die kaartjie en die foon op) Hello, Goeiedag, Dumelang, Lotjhani, Molo, Sawubona, Avuxeni! Dokter [sê jou naam hier], hoe kan ek help?
	Dokter Piet kom in
Piet	Ek is 'n dokter!
Grietjie	Perfekte tydsberekening dr. Piet…hier (sy gee vir hom die foon)…luister en praat.
Piet	Uhm…hallo…hallo Varkie…nee wat…goed…en jy? ….hmm…hmm…Smeer 'n vaselientjie op die aambei..dit sal sommer help met die stoelgang vloei ook…plesier…totsiens
Grietjie	Vaseline op 'n aarbei…nou't ek al als gehoor
	Bob kom ingehardloop
Bob	Oe oe ah ah.
Grietjie	(Skrik) Ah! Ag nee man, jou bruinbaard! Raak rustig! Mens skree nie so nie!
Piet	Wat sê jy daar, Bob?
Bob	Oe oe ah ah.
Piet	Bob sê hy is net effe keelvol vir al die potholes wat ons nou moes reg gemaak het…
Bob	***Bob the Builder***
Piet	Ja, Bob, want die mislukke paliteit doen nie hulle werk nie
Grietjie	Haai, oe, my oorlede Oom Germanus Gans het vir die munisipaliteit gewerk toe vergeet hy om sy handrem op te trek, toe ry sy eie vullistrok bo-oor hom…(Maak 'n splat geluid)
	Foon ***Lui 2***
	Hung Up
Grietjie (Mime)	*Every little thing that you say or do, I'm hung up, I'm hanging up on you. Waiting for you call, baby night and day I'm fed up…I'm tired of waiting on you.*
Bob	(kyk by venster uit) Oe oe ah ah
Piet	Wat sê jy daar, Bob?
Bob	Oe oe ah ah.
Piet	Die swane en Elsa se dogter baklei dat die vere waai?
Grietjie	Wie se hane kraai?
Piet	Vere, tannie. Swane en eende baklei.
Grietjie	Dit sal die dag wees, laat ek gaan gans daar buite. Daai swaansussies se vere gaan ordentlik waai as ek met hulle klaar is! (Vir Piet) Antwoord foon, lees kaartjie. Tot weersiens!
	Sy storm af
Piet	Fone? Kaartjies? Goed Bob, kom ons doen hierdie ding!
Piet & Bob	***Work - Fith Harmony***

Copyright @ aleXander Steyn

	Hans Haas sê Hallo
Piet	*Ons skrik vir niks nie. Ons is nie fiks nie. Maar ons vriende kort hulp so ons is oppit. Ons antwoorde fone. Ons trap op tone. Maar die diere moet weet ons dra die krone. Ons sal elke krisis gou oplos want ons kom mos uit die bos. En ons help altyd ons naaste al kom ons altyd laaste. Ons gaan net werk x7 Kom Bob ons werk x7*
Bob	***Oe oe ah ooh ah x7 Oe oe ah ah ah***
	2 Fone *lui*
Piet	Uhm…oops…Bob tel jy daai een op…ek sal die een hanteer.
Bob	(Tel foon op) Oe oe ah ah.
Piet	(Tel foon en kaartjie op) Hello, Goeiedag
Bob	Oe oe ah ah.
Piet	Dumelang
Bob	Oe
Piet	Lotjhani
Bob	Oe
Piet	Sawubona
Bob	Ah
Piet	AvuXsêni
Bob	Ah
Piet	Dit is [sê jou naam hier] O, Piet van die Buurtwag , hoe kan ek help?
Bob	Oe?
Piet	Ja
Bob	Oe?
Piet	Nee
Bob	Ah
Piet	Foeitog
Bob	Ah
Piet	Ek sal nou kom help om arme Sannie Skapie se poot uit die pothole te kom kry. (vir Bob) Het ons ’n pothole gemis Bob?
Bob	Oe Oe
Piet	My padda-slympies sal werk soos lubrikant…eensklaps en sy gly uit!
Bob	Ah Ah (sit die foon neer)
	Paulina kom in met haar oorfone op - Sing vals saam ’n liedjie wat net sy hoor. ’n Foon lui
	Foon 1
Paulina	Gaan iemand antwoord? Ek sal!
	Telephone - Lady Gaga - al 3 dans
Paulina	*Hello, hello, baby* *You called, I can't hear a thing* *I have got no service* *In the club, you see, see* *Wha-wha-what did you say?* *Oh, you're breaking up on me* *Sorry, I cannot hear you* *I'm kinda busy*
	Paulina dans en Piet en Bob join in
Piet	Paulina! Jy kom asof jy gestuur **was.**
Paulina	Ek het vanoggend ge**was** ja, onder my stert ook en ek ruik soos *Bion Sisi*…dis ’n franse parfuum
Piet	Waarvoor staan *‘Bion Sisi’*?

Copyright @ aleXander Steyn

	Hans Haas sê Hallo
Paulina	Come to me
Piet	(ruik aan haar) Nee, it doesn't smell like come to me
Paulina	Doesn't its smells like come to you? Ek gaan dit dan terugvat!
Piet	Kan jy …die fone antwoord
Paulina	Fone antwoord? Maar ek het dan nou net?
Piet	Ja, maar nog fone… ek moet vir Sannie skapie gaan help met my natuurlike lubrikant. Bob, bly hier en help
Paulina	Oe, hierdie is exciting, my eie kantoor vir die dag, maar waarom is al die kinders hier? Is dit kinderkrans, maar dis dan mos nie 'n Sondag nie?
Piet	Paulina! Fokus! Fone!
	Piet hop uit
Paulina	Oukei, oukei, raak vir my rustig, parra! (Bob kom staan reg agter haar en sy draai om en skrik) Ah! Ag nee man jou vlooi-vlakte! Voetsek!
Bob	(sad) Oe oe ah ah
Paulina	Telefone antwoord! Ek kan hierdie doen, ja. Eers 'n paar stem oefeninge doen. Lalalala, prrrr (blaas lippe op mekaar) Peanut (hoog na laag) Ek soek saad, ek soek saad, ek soek saad. Sss Ffff Kkkk etc.
	'n klomp fone begin lui en Paulina hardloop eers na een en dan die ander en dan begin sy maar eerder dans
	Lui Lui Telefoon Lui Lui
Paulina	*Lui lui telefoon lui lui, want Saterdagaand wil ek weer hom sien. Hy't gesê hy kom my haal in sy limosine*
Paulina	Oe, hemeltjie…goed Bob foon een…ek foon 2..Dokter! Want ek's 'n slim voël.
Bob	(Bob tel foon op) Oe oe ah ah
Paulina	Kaartjie…(sy tel kaartjie en foon op) Hello, Goeiedag, Dudumelama, Lotjannie, Nholo, Souwaboona, Avozenies! Dokter [sê jou naam hier]O, Paulina! Dokter, Paulina , hoe kan ek help?
Bob	Oe
Paulina	Hoe nou?
Bob	Oe
Paulina	Nee (geskok)
Bob	ah
Paulina	Nee (meer geskok)
Bob	ah (sit foon neer en luister vir Paulina)
Paulina	Uhm…goed…naarheid…Tannie Tersia Tier drink net 'n paar smaartjies, ja, twee bloues vir naarheid en drie perses vir 'n babelas!
Bob	Oe?
Paulina	Baai! (sit foon neer) Ek's so bly my oom Pompie Papegaai het vir my soveel boereraad gegee toe ek nog 'n pikenies was!
Bob	Ah (skud net sy kop)
	Morrie steek sy kop uit met 'n foon in sy hand en wys vir die kids om stil te bly. Brandweer foon lui
Paulina	Oe, nog een! Myne! (Sy stamp vir Bob uit die pad uit!…sy tel kaartjie en foon op) Hello, Goeiedag, Dudumelang, Lotjannie, Nholo, Souwaboona, Avozenies! BrandweerMAN…nee, brandweerVROU Paulina hier , hoe kan ek help?
Morrie	(Morrie vermom sy stem) Help, asb help tog! Dis Mnr. Mol, my huis is besig om af te brand!
Paulina	O, shongololo! Waar's jou huis mnr. Hol?
Morrie	Daar langs die dam! Kom help gou asb!
Paulina	Ons is nou daar Mnr. Molhol! (Sy sit neer) Kom jou borsluisbuurt, ons moet gaan vure doodslaan! Paulina Brandweervrou tot die redding!
Bob	Oe oe ah ah.
	Hulle hardloop af en Morrie kom op en doen 'n victory dansie en rap!
	Fireball - Pitbull

Copyright @ aleXander Steyn

	Hans Haas sê Hallo
Morrie	*Daai simpel diertjies het my geglo. hehe Ja hul het*
	Hulle gaan hol hol hol hol en snol snol snol vir 'n vuurbal
	Ek's die meester van my stem vermom die kaptein van kattekwaad, ja
	so volg my raad en volg die kwaad en steek die vuur aan
	Ek is 'n baba baba baba baba baba baba baba vuurbal
Morrie	Hallo julle simpel mense-diertjies! Welkom by die (mocking) 'Bring-jou-kind-werk-toe'dag! Ha! Ek dag daar gaan nie grootmense by hierdie dag wees nie - en nou sien ek SO baie uitgegroeide mammas en pappas! Ja ek sien jou oom! (two fingers eyes - to audience) moenie dink jy kan wegkruip met daai bierpens nie!
	'n foon lui ***Lui 1***
Morrie	(Vermom sy stem soos Hans) Hallo, dit is die kantoor van Dokter Hans…ek is nie meer lus vir al julle probleme so ek is sommer toe vir die week, baai! (sit foon neer) Ek kan nogsteeds nie glo mnr Hans het al die ander dieremaats genooi om te kom help met die telefone behalwe vir my nie! (snik snik maar is oor dit) Selfs die simpel vlooikussing bobbejaan was hier wat nie eers kan Afrikaans praat nie
	Nog 'n foon lui ***Lui 2***
Morrie	Die plesier paradys hoe help ons? Hello? (sit neer) Hahaha! Ek sal vir hulle 'n les leer! Niemand mors met Morrie Meerkat nie en niemand nooi NIE vir Morrie Meerkat NIE! Ek gaan 'n bietjie pret hê hier in mnr Hans se kantoor…ja! Ek gaan 'n paar goed omkrap en ek is gewapen met net die regte goed vir amokmaak! (hy haal goed uit sy sak vir elke poets) 'n Bietjie gom op hierdie stoel. 'n Bietjie gom op hierdie foon…'n poepkussing hier…'n verkeerde kaartjie daar en siedaar! Pandemonium! Hahahahaha! Maar, julle simpel mense-diertjies beter stilbly, want anders gaan ek nie vir julle sweeties gee nie! Ja, kyk! Ek het baie sweeties hier in my sak…so bly stil! Shhh! (Hy gaan kruip weg onder 'n lessenaar.)
	Hans kom in
Hans	Nog 'n probleem uitgesorteer, maar 'n renoster se horing steel nogals seer hoor!
	'n foon lui - ***Lui 3*** *- dis Morrie wat bel van onder die tafel af*
Hans	Hello, Goeiedag…
Morrie	Hellp, mnr Hans help! Dis Ysie Ystervark en ek het in 'n groot doring getrap! Help! Ek's hier by die watergat! Help!
Hans	O hemel, mnr Ystervark! Ek kom so gou ek kan!
	Hy hardloop af
Morrie	Hehehehehe…shhh!
	Tannie Grietjie kom in en spoeg 'n paar vere uit
Grietjie	Vat so julle simpel swane! Niemand boelie klein eendjies of ganse nie!
	'n Foon lui. ***Lui 4*** *Sy gaan sit op die gom stoel, tel die verkeerde kaartjie op en antwoord*
Grietjie	Hello, Goeiedag, ke tla o betsa wena! (Die persoon sit neer) Ongeskik! Ek dink dis tyd vir 'n bietjie tee.
	Sy staan op maar die stoel is vas aan haar boude. Bob kom in gehardloop en hardloop reguit in die stoel vas. Dr. Piet kom in agterna. 'n Foon lui. ***Lui 1***
Piet	(Tel foon en verkeerde kaartjie op) Awê ma se kinners!
Grietjie	Wat op dees aarde?
Piet	Hoe versprei ons jou vuur?
Grietjie	Bob, vir wat lê jy so en ginnegaap?
Bob	Oe oe ah ah.
Piet	n Brand? Waar?
Grietjie	Help my met hierdie stoel!
	Bob probeer die stoel afkry maar niks werk nie
Piet	By die groot doringboom…watter een?
	Nog 'n foon lui - ***Lui 2*** *- Grietjie antwoord terwyl bob nog sukkel met die stoel)*
Grietjie	Die genotgrot goeiedag? Ek meen Hello…sawubona en so…hier dra ek 'n rok en ek voel 'n …
Piet	Fanie…praat stadiger…Die boom langs die gat? Watter gat?

Copyright @ aleXander Steyn

	Hans Haas sê Hallo
Grietjie	Wat meen jy ek's ongeskik? Luister hier Basie Boomslang ek draai vir jou so styf in 'n Bobbejaanvuisknoop en hang jou aan 'n kaktus op, hoor jy vir my! (Sy sit die foon neer) Basie Boomslang, meer soos Bossy Boomslang (engels)
	Morrie kruip onder die tafel uit en plant 'n polysterene vuur
Piet	O, die watergat! Ha Ha
Grietjie	Oe oe ah ah
Piet	Wat meen jy ek is stadig?
Bob	(wys na die vuur toe) Oe oe ah ah
Piet	Ek is 'n dok…ter as jy nie geweet het nie!
	Morrie plant nog 'n vuurtjie
Grietjie	(Sien die vuur) Oe hemeltjie! Brand! (Sy draai om met die stoel nogsteeds op haar en stamp weer vir Bob om)
	Hans kom in met 'n paar ystervarkpenne in sy stert
Hans	Eina! Huh? Wat gaan hier aan?
Piet	Dok … ter!
	Nog 'n foon lui ***Lui 3***
Hans	Hello, Goeiedag, Dumelang, Lotjhani, Molo, Sawubona, Avuxeni! Buurtwagkaptein Hans hier. Het jy 'n gat in jou pad of 'n mol in jou…(Hy sit die foon neer en hardloop vir die brandslang)
Grietjie	Hans! Los die fone en help!
	Hans hardloop af, Paulina kom in en Hans stamp haar amper om! Bob gryp 'n koppie en begin die vuur gooi met water of watookal in die koppie is maar niks kom uit nie. Dan gryp hy papiere en begin waai en Morrie versprei dan net die vuur.
Paulina	Haastige hasie…
Bob	(Sien vir Morrie en beduie na hom) Oe oe ah ah
Piet	(Nog op die foon) Ek sien -
Paulina	Nee, skoert jy vlooigevreet, ons werk hier! Ons antwoord fone.
	Nog 'n foon lui ***Lui 4***
Paulina	Myne! (sy stamp vir Bob om om by die foon te kom. Tel die verkeerde kaartjie en velcro foon op) Hello! Welkom by die vetkoekpaleis, Hoe kan ons jou koek laat rys?
Piet	Ek hoor…
Hans	(Kom in met brandslang) Gee pad almal (hy stamp vir Paulina en dié vlieg amper grond toe met die foon vas aan haar oor. Hans probeer spuit maar niks kom uit nie)
	Hans los die brandslang en hardloop weer af
Piet	so Ollie Olifant het toe kom help…
	Paulina probeer die foon van haar oor af kry
Paulina	Help! 'n Telefoon-gogga probeer my eet!
Grietjie	Slaan, Bob, slaan!
Bob	Oe oe ah ah.
Paulina	Eina!
Grietjie	Nie vir die voël nie! Die vuur! Slaan! Dood!
Piet	…met haar slurp… brand geblus…Ek's bly
Paulina	(Sien Grietjie en Bob by die vuur - verontwaardig) Hey! Hoekom is ek nie genooi na die marshmellow braai toe nie?
Piet	Als…opgelos…
	Hans kom kom in en gryp die slang - die keer werk hy en al die vure word geblus - Morrie gryp al die 'vure' en sit backstage, maar word gestop met die laaste een in sy hand
Piet	Ek is bly ek kon help! Totsiens! (sit foon neer)
Hans	Morrie?
Grietjie	Dory? Waar?

Copyright @ aleXander Steyn

	Hans Haas sê Hallo
Paulina	Love daai vissie!
Hans	Nee, Morrie! (Wys na Morrie)
Piet	Morrie?
Morrie	Sorry!
Bob	Ah! (In Morrie se gesig - Hy skrik)
Hans	Wat het jy daar?
Paulina	Ah! Morrie is aan die brand!
Morrie	Hierdie? Dis niks nie (Hy steek dit agter sy rug weg)
Paulina	Nou's Morrie se rug aan die brand! Stop, drop en rol, Morrie! Stop, drop en rol!
Hans	(vat die fake vuur) Dis nie rerige vuur nie!
Grietjie	Morrie is nie rerig 'n dier nie?
Morrie	Dit is! Sjoe sjoe…vuur…gevaarlik…Eina…
Bob	Oe oe ah ah.
Piet	Dis net 'n prentjie
Grietjie	My huis is net so entjie
Hans	Waar kry jy hierdie, Morrie?
Morrie	By Juffrou Kraai se kunsklas. Lyk nogals rerig nê?
Paulina	(Vat aan dit) Ja, wow!
	Bob wil ook daaraan raak, maar Morrie maak hom skrik
Morrie	Boo!
Bob	Ah!
Hans	Morrie! Hoekom het jy kamstig die stadsaal aan die brand gesteek?
Grietjie	(lees 'n kaartjie) Jy trap in 'n yster en ons plak net 'n pleister…
Hans	Huh? (Hy vat die kaartjie by Grietjie) Hierdie is nie my kaartjies nie
Grietjie	(Lees verder) Ek is dokter Hans en my ma is 'n gans…
Paulina	Is tannie Mnr. Hans se ma?!!?
Grietjie	Nee, hartjie…ek dink darem nie so nie.
Piet	Ha…ha…
Hans	Meerkat!
Morrie	Ek soek my gat! (Hy wil weghol maar Hans keer hom)
Hans	Hoekom het jy hierdie kaartjies hier gesit?
Grietjie	Ja, Morrie, hoekom het jy!? (Vir Piet) Wat het hy gedoen?
Piet	Morrie het Mnr. Hans se kaartjies omgeruil met ander kaartjies wat hy gemaak het.
Paulina	Kan Morrie ooit skryf?
Morrie	Ja, voël! Ek het graad 5 hoor!
Paulina	Wie's jou voël?
Morrie	Jy is! (steek sy tong uit)
Paulina	(Slaan hom) Mens steek nie jou tong uit nie! Dis ongeskik! Nê maatjies?
Hans	So, Morrie…ek wag…
Morrie	Wel, Mnr. Hans het al die diere-maatjies gevra om te help in die kantoor vandag, behalwe vir my…
Paulina	Was ons gevra om te help?
Piet	Nee
Bob	Oe oe ah ah.

Copyright @ aleXander Steyn

	Hans Haas sê Hallo
Piet	Bob sê ook niemand het hom gevra nie.
Morrie	Niemand het nie? Maar…
	n Foon lui ***Lui 1***
Piet	Ek het dit!
Hans	Morrie! Die dieremaats het net hier opgedaag, en gesien hoe besig ek was en toe bied hulle aan om te help werk.
Grietjie	Hoe laat begin die kerk?
Piet	Hello, Goeiedag…Dis dr. Piet hier
Hans	(Praat hard) Tannie Grietjie het hier opgedaag want sy't gedink vandag is dit 'Skud jou sweet weg' met Soekie Slang.
Grietjie	Ja, kyk ek het spesiaal my nuwe tekkies aangetrek!
Piet	…haar voete?
Morrie	So nie een van julle was genooi nie?
Piet	…is dit nie rooi nie?
Hans	Nee, Morrie, niemand was genooi of gevra nie. Hierdie is net een groot MISVERSTAND!
Piet	…skies, misverstand
Paulina	Dis 'n groot woord! Wat beteken dit?
Grietjie	Dis wanneer jy jou verstand mis, soos Morrie (lag vir haar eie grappie)
Paulina	Ek het nie verstandtande nie, wan't ek's 'n voël!
Bob	(skud sy kop) Ah ah
Piet	…ek het daardie deel gemis
Paulina	Al wat ek van mis weet is as dit op iemand se kop beland! Mis…kadoef! Gelukkie vir jou!
Piet	…op sy kop? Ha Ha
Hans	Pew pew pew…oor almal se koppe! Morrie! En maatjies! 'n Misverstand is as jy jou Ma of jou maatjie verkeerd verstaan. Jy dink hulle sê een ding maar hulle bedoel 'n ander. OF jy hoor net nie reg nie.
Grietjie	Of jy hoor net wat jy wil hoor!
Paulina	Ek kan toor!
Grietjie	Soos dit (verwys na Paulina)
	Nog 'n foon lui ***Lui 2***
Bob	Oe oe ah ah (tel die foon op)
Piet	Ek hoor…
Hans	Mens moet mooi luister nê maatjies?
Bob	Ah
Piet	Ek luister…
Hans	En luister. En as jy nie mooi weet wat mamma of jou maatjie bedoel nie…
Piet	Vra..
Hans	Ja, vra! My pa het altyd gesê 'Gebruik jou woorde' 'Praat in volsinne'….
Bob	Oe
Morrie	Maar hoekom kan die bobbejaan die foon antwoord en nie ek nie?
Paulina	Want jy't nie gevra nie, dommie!
Piet	…jy mag
Morrie	Mag ek ook help om die fone te antwoord?
Bob	Ah ah (sit die foon neer)
Hans	Natuurlik mag jy Morrie! Vele hande ligte werk!
Paulina	Ek het net 2 hande…ag ek bedoel pote! Ek meen vlerke!

Copyright @ aleXander Steyn

	Hans Haas sê Hallo
Grietjie	(Vir Morrie) Jy sien, Morrie, ’n mens bied aan om te help as jy ’n ou tannie soos ek sien wat sukkel by die trappe op dan help jy.
Hans	As jy sien die skottelgoed staan hoog - was dit.
Paulina	En as jou pappa wil tv kyk, gee vir hom die remote!
Morrie	O, ek verstaan nou! Maar wat van as iemand geval het, kan ek vir hulle lag?
Hans	Nee, Morrie, jy moet hulle help!
Morrie	Maar kan ek hulle help EN dan lag?
Hans	Solank jy net help, Morrie.
Morrie	So, mag ek help met die fone antwoord? Ek wil ook ’n super hero wees!
Hans	Jy kan met liefde ook ’n super-hero wees, Morrie…maar jy moet my kaartjies gebruik nê?
Morrie	Ja, mnr. Hans
Paulina	Vele hande maak voële sterk!
Grietjie	Nee jou verstrooide-veerkop! Vele hande maak ligte werk!
	n Klomp fone lui gelyktydig
Hans	Hier gaat ons maats!
	Super Hero - Eden

Copyright @ aleXander Steyn